

Hallo Maats!

Neko de Aroe is darem 'n brawe kat, of hoe? Ek hoop julle het die storie geniet.

DANKIE

Heel eerste moet ons sê:



Ons het 'n YSLIKE geskenk gekry vir die Kleuter- en Kinderkerk en Junior Kategese in die vorm van 'n groot kleurtelevisie wat tannie

Alta van Zyl vir ons geskenk het. *Baie dankie, tannie Alta!*

Ons het al die storie van Hermie, die gewone wurm wat so graag spesiaal wou wees, gekyk. Ons kan almal mooi sien op die skerm en dis sommer 'n groot bederf om so gelukkig te wees!

Maats, hierdie keer kyk ons bietjie of julle nog kan onthou waarom ons die afgelope paar weke gepraat het – die diere, nè! Daar is sommer 'n paar vragies ook - skommel net die letters en kom ons kyk of julle als kan onthou!

Ek hoop julle het almal Saterdag die 8ste September ons Kermis geniet, veral met die groot pryse wat daar gewen kon word!

Mooi bly tot volgende keer,

Tannie Lita

Wat weet ons?

- Gevaarlik
- Magtig
- Wyfies doen jagwerk
- Vleisvreters



Leeu

- Stert word gebruik vir balans en kommunikasie
- Koning van die diere!

Watter ander baie bekende leeutjie ken julle? (ibsma)

Wat het hierdie leeutjie gedoen wat verkeerd was? Hy het na verkeerde (dara) geluister! Dit het beteken hy is toe uitgewerp uit die trop uit en was nie meer daar waar hy as koningskind gehoor het nie. Toe moes hy (ggaosg) vreet in plaas van (lvies).

Dit beteken hy het sy (oeld) gemis om as die volgende koning groot te word.

In die Bybel lees ons van die **Leeu van Juda**. Wie dink julle is dit? Ja,(eJuss). Ons is (nkidrse) van God en moet dus soos Jesus lewe. Ons moet dus soos 'n (eelu) se brul wees en God se boodskap verkondig sonder om skaam te wees.

Maak nie saak waar jy is nie, jy behoort aan Jesus. As jy weer 'n **leeu** sien, weet jy is 'n **Koningskind!**

Esegiël 18:20 – Wie volgens my will ewe, sal die vrugte pluk. Wie goddeloos is, sal straf ontvang.




Zebra's

Wat weet ons?

- Al die zebra's werk saam om die klein vulletjies op te pas
- Hulle kan nie so goed sien in die nag soos 'n uil of 'n kat nie
- Elke zebra se strepe is uniek – soos 'n mens se vingerafdrukke
- As een afdwaal, gaan soek 'n hings die verlore een

*1 Korinthiërs 1:10 – Wees eensgesind! Daar moet geen verdeeldheid onder julle wees nie. Julle moet **EEN** wees!*



Luiperd

Wat weet ons?

- Atletiese dier met kort bene, breë kop, kragtige boude en slanke liggaam
- Kan in skemer jag, goeie oë

- Breë pote met sagte kussings om sy landing te breek as hy spring
- Stert is wit onder – gebruik dit as 'n wit vlag as hy nie jag nie
- Kolle is uniek – soos mens se vingerafdrukke

'n Luiperd kan oral oorleef, selfs in moerasse, oerwoude, (ebger) en grasvelde. Die wit van die stert se onderkant word ook gebruik dat die(kjelinities) die mamma kan volg in digte gras.

Die(leklo) is uniek en word gebruik vir kamoeflering. Die luiperd is(wese) maal sterker as 'n mens en kan sy prooi teen 'n boom optrek, al weeg dit tot 60kg!

Wat leer ons van die luiperd en sy kolle? God is(Itady) dieselfde. Jy kan wat ook al probeer, Hy(evardnre) nooit nie.

Jeremia 13:23 – Die luiperd kan nie sy kolle verander nie, maar Jesus kan jou verander sodat jy al die kenmerke van 'n Koningskind het.



Jagluiperd


Wat weet ons?

- Hy's blitsvinnig – kan 70 tot 112km per uur haal
- Baie sterk agterpote – een haal kan 7 – 8 meter lank wees
- Baie sterk hart
- Lang dik stert wat dien as stuur, sodat hy op 'n tienie kan draai
- Kan net 200m op 'n keer hardloop – minder as 'n minuut

Wat beteken dit om te glo? Dit beteken ek(wtee) in my hart dat God my liefhet en my(Vdaer) is. Jesus is die middelpunt van my(wlee). Glo gaan nie oor wat jy(vole) nie, maar oor wat jy(wtee) en op Wie jy(tvreruo).

1 Sameul 2 – Jou optrede moet so wees, dat jy nie ander mislei en hulle hul agting vir God verloor nie.





Wat weet ons?

- Matriarg is die leier van die trop
- Goeie geheue, wysheid, krag
- Elke olifant se ore verskil – soos vingerafdrukke by mense
- Kan nie sy tong uitsteek nie
- Almal in die trop help as een in die nood is
- Kan swem, gebruik slurpe soos snorkels
- Kan 1km ver ruik


Geen olifanttrop is sonder dissipline as daar 'n matriarg is nie. Die rede vir hulle(rode) en dissipline is veiligheid. Hulle werk as 'n(fmaieil) saam, sorg hulle vir mekaar en beskerm die kleintjies.

Filippense 1 – Jou gedrag moet so wees dat jy 'n advertensie vir God is. God wil orde en dissipline hê. Jy moet met respek optree teenoor God se mense en eiendom.

Kameelperd

Wat weet ons?

- Hulle word met horings gebore wat teen die kop opgevou is en later regop staan
- Sien goed
- Tong is ½ meter lank en hy maak sy oë daarmee skoon
- Langste stert van alle landdiere
- Daar is net twee tone aan elke poot – so groot soos sopborde
- Stap in telgang – bene aan dieselfde kant van die liggaam beweeg saam
- Kan hard skop – kan selfs 'n leeu doodskop



Omdat kameelperde(gnal) nekke het, kan hulle gevaar van ver af sien aankom. Hulle is rustig van geaardheid en het nie 'n(Ireie) nodig nie – elkeen weet wat reg is.

Onthou, al is jy anders as ander, jy het steeds iets goed om te doen. Jesus verwag van ons almal om nederig, geduldig en liefdevol te wees.

Soek Galasiërs 5:22 op en skryf die nege eienskappe van 'n Christen hieronder neer:

.....

.....

.....

.....